

Mediaverklaring

SOS en AfriForum neem regstappe om Gautengse onderwysplasinge uit te stel

17 September 2019

Verskeie skole in Gauteng is uiters ontsteld oor foutiewe plasinglyste wat hulle sedert Vrydag 13 September van die Gautengse Onderwysdepartement (GDO) ontvang het. Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) en AfriForum eis nou dat die GDO plasinge uitstel tot probleme opgelos is. Skole was redelik gerus dat foute op die aanvanklike plasinglyste tydens gesprekke met GDO distrik-amptenare reg gestel is. “Finale plasinglyste” wemel egter van foute: Leerders wat vroeg aansoek gedoen het en kwalifiseer vir toelating, is weggelaat, terwyl ander se name op die lyste verskyn wat nooit dokumentasie by die skole ingedien het nie of in ‘n taal onderrig wil ontvang wat nie deur die skool aangebied word nie.

Verskeie skoolbeheerliggame het met die (SOS) en AfriForum in verbinding getree oor foutiewe lyste. Die SOS en AfriForum het reeds ‘n lang konsultasie proses met die GDO gevolg om probleme met die plasinge uit te klaar en eis nou dat die GDO die bevestiging van plasinge uitstel totdat die probleme opgelos is. Skoolbeheerliggame het skriftelik beswaar aangeteken oor eensydige en foutiewe plasinge by die Hoof van die Onderwysdepartement, mnr Edward Mosuwe, asook by Minister Motshekga. Ouers word aangemoedig om appél aan te teken indien hulle kinders nie geplaas word by skole van hul keuse nie.

Bo-en-behalwe probleme met die aanlynstelsel wat nie ouers se adresse kon opspoor nie of afstande totaal verkeerd bereken, lei die gewysigde toelatingsregulasies wat in in Maart vanjaar gepubliseer is, tot verskeie absurditeite: leerders wat reeds in Graad R by ‘n skool is, kry nie plek in graad 1 by dieselfde skool nie, broers en susters word in verskillende skole geplaas, en selfs ouers wat by ‘n skool werk, se kinders kry nie plek in dieselfde skool nie. Die gevestigde regsbeginne van “eerste in tyd, eerste in reg” is ook met sekere plasinge blatant deur die GDO geïgnoreer.

Die SOS het van verskeie skole verneem dat die departement leerders wat die naaste aan skole bly, voorkeur gee bo leerders wat ook binne die voedersone bly, al het hierdie leerders se ouers nie eerste aansoek gedoen nie. “Volgens die regulasies moet leerders wat eerste aansoek doen en binne die skool se voedingsgebied woon, eerste geplaas word. Die SOS en AfriForum wil ook verseker dat die departement die leerder en skool se taal van onderrig en leer in aanmerking neem by die plasing van leerders,” sê Melanie Buys, hoof van ontwikkeling aan die SOS. Dit blyk egter of die GDO hulle eie voorskrifte verontagsaam het.

Ouers moes vroeër vanjaar aansoek doen op die GDO se nuwe aanlyn aansoekstelsel om toelating vir hul kinders in gr. 1 en gr. 8 te verkry. Verskeie organisasies en vakbonde het toe reeds hulle bekommernis gelug oor die aansoekstelsel wat geen ruimte laat vir die taal van onderrig nie. “Die Departement se aanlynplatform sou kwansuis ouers en skole moeite spaar, maar ons sien toenemend dat dit meer onsekerheid, moeite en chaos veroorsaak,” sê Buys.

Volgens die SOS en AfriForum se regsplan moet die plasingproses dringend uitgestel word sodat skole meer tyd het om hulle plasinglyste kan deurgaen.

Verdere navrae kan gerig word aan:



MELANIE BUYS

Hoof: Ontwikkeling

 012 612 0234

 076 850 3157

 melanie@skole.co.za

 Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

 012 612 0234

 admin@skole.co.za

 Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

